Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Alif Lam Ra. Hierdie is verse van die Boek wat duidelikheid gee oor die grense en beperkinge ten opsigte van wat wettig en wat onwettig is in alle fasette van die lewe en so 'n eenvoudige, logiese en gematigde lewenswyse aan mense gee.

2. Ons het die Koran in Arabies geopenbaar sodat die Jode in Arabië, wat wou weet wat van Josef geword het, dit goed sal kan verstaan, en hulle sodoende nie meer enige rede sou hê om te twyfel in die boodskap en die boodskapper nie.

3. Ons vertel aan jou die beste verhaal deur middel van hierdie Koran wat Ons aan jou openbaar: feite waarvan jy voorheen waarlik nie kennis gedra het nie.

4. Dit het begin toe Josef vir Jakob, sy pa, vertel het van 'n droom wat hy gehad het: “Pa, ek het in my droom elf sterre, die Son en die Maan gesien, en ek het gesien hoedat hulle almal laag op die grond voor my neerbuig.”

5. Toe sê Josef se pa: “My seun, moenie vir jou broers van jou droom vertel nie, sodat hulle nie 'n plan teen jou beraam nie. Waarlik, Satan is 'n openlike vyand vir die mensdom.

6. Jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer sal jou op dieselfde manier kies en leer wat die droom beteken, en Hy sal Sy oorvloed en goedheid vervolmaak aan jou en die Huis van Jakob, soos wat Hy dit vroeër vervolmaak het aan jou vaders Abraham en Isak. Waarlik, jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is Alwys en Alwetend.”

**Verse 7 tot 14 vertel nie maar net 'n gewone storie nie maar dra 'n boodskap, bewyse en leiding**

7. In die verhaal van Josef en sy broers is daar waarlik 'n boodskap en bewyse vir diegene wat om leiding vra.

8. Josef se broers bespreek toe hierdie situasie onder mekaar en sê: “Josef en sy broer is dierbaarder vir Pa as wat ons vir hom is, terwyl hy eintlik meer waardering vir ons behoort te hê omdat ons meer is en sterker is en ons familie beter kan beskerm. Waarlik, Pa maak hier duidelik 'n fout.

9. Maak Josef dood of gooi hom êrens in 'n ander land, sodat julle vader net julle alleen raaksien. Sodoende sal dinge vir julle regkom, en wat betref die sonde wat julle daardeur doen: julle kan dit later regstel deur om vergifnes te vra vir dit wat julle gedoen het en berou te toon.”

10. Maar een van hulle sê toe: “Moenie Josef doodmaak nie, maar as julle dan nou iets met Josef wil doen, gooi hom dan eerder in 'n put, sodat 'n verbygaande reisiger hom later daaruit kan haal.”

11. Die broers sê toe vir hulle pa: “Pa, hoekom is dit dat u ons nie met Josef vertrou nie terwyl ons hom net die beste toewens?

12. Stuur hom more saam met ons, sodat hy kan eet en speel, en dit is vanselfsprekend dat ons sy oppassers is.”

13. Hulle vader antwoord toe: “Dit maak my hartseer om daaraan te dink dat julle hom gaan wegneem van my af, want ek is tog so bang dat 'n wolf hom dalk sal verslind terwyl julle net vir 'n oomblik sorgeloos en agterlosig raak.”

14. Maar hulle sê toe: “As 'n wolf hom opvreet terwyl ons so 'n sterk groep is, dan is ons darem vir jou regtig 'n spul verloorders.”

15. So, hulle neem toe vir Josef saam met hulle, vasbeslote om hom in die put in te gooi, en hulle doen dit toe ook. Ons het egter aan Josef 'n openbaring gegee: “Jy sal nog eendag vir hulle vertel wat hulle hier gedoen het, terwyl hulle jou nie sal herken nie.”

16. Die broers kom toe later die dag met sononder huil-huil by hulle vader terug,

17. en sê: “Pa, ons was besig om resies te hardloop en het Josef by ons besittings gelos toe 'n wolf kom en hom opvreet. En Pa sal ons nooit glo nie, alhoewel ons die waarheid praat.”

18. En hulle het Josef se hemp met vals bloed daarop saam met hulle teruggebring. Hulle vader sê toe: “Ek dink eerder dat julle innerlike begeertes julle verlei het om iets anders te doen. So, dit gaan die beste wees dat ek geduldig bly. En dit is Allah wie se hulp ek soek teen dit wat julle beskryf.”

19. Toe kom 'n karavaan reisigers wat verdwaal geraak het op die put af en hulle stuur toe hulle voorryer wie se taak dit onder andere is om water vir die karavaan te soek, om te gaan water haal by die put. Hy laat sak toe die emmer in die put en wat sien hy: “Haai, dis nou goeie nuus!” sê hy: “ Hier is 'n seuntjie.” Hulle vat hom toe en hou hom weggesteek tussen die handelsware, terwyl Allah bewus was van wat hulle gedoen het.

20. Later verkoop hulle hom toe vir 'n ou klein bedraggie, 'n paar silwerstukke, want hulle het eintlik niks in hom belangestel nie.

**Die finale Skuif om Josef te plaas presies waar Allah hom wou hê vir die toekoms**

21. Die persoon wat vir Josef gekoop het in Egipte, sê toe vir sy vrou: “Maak sy verblyf hier by ons gemaklik. Mens weet nooit, ons kan hom dalk nog vir iets nuttigs gebruik. Of ons neem hom dalk nog aan as 'n seun.” So het Ons toe

vir Josef net op die regte plek in die land geplaas, sodat Ons hom kon leer hoe om gebeure te vertolk sodat hy*, uiteindelik wanneer die tyd reg is, instaat sou wees om Ons Wil vir die toekoms uit te voer. Allah het die mag en is ten volle in beheer van Sy bevele en om dit tot uitvoer te bring, maar meeste mense verstaan en besef dit nie. (*K12:101)

22. En toe Josef die ouderdom bereik waarop hy op sy beste was, het Ons aan hom wysheid en kennis gegee: dit is hoe Ons diegene wat goeie dade doen beloon.

**Josef se groot Toets: die Verleiding van 'n Vrou**

23. Later het die ander vrou in wie se huis hy was, probeer om hom te verlei en sy weerstand teen haar af te breek deurdat sy selfs die deure gesluit en gesê het: “Kom nou!” Maar Josef het gesê: “Mag Allah my uit hierdie situasie red. Waarlik, jou man is my werkgewer. En hy het my goed behandel en gehuisves tot nou toe. Ek kan nie vandag hier sonde doen nie, want diegene wat verkeerd doen gaan nie vooruit in die lewe nie.”

24. En sy het hom waarlik begeer. En eg man het daar by Josef ook 'n natuurlike onwillekeurige begeerte ontstaan: en as dit nie was dat Allah op daardie oomblik 'n waarskuwing aan Josef gegee het nie, sou hy dalk te swak gewees het om die versoeking te weerstaan. Dit het Ons gedoen om Josef te weerhou van wellus en sonde. Waarlik Josef is een van Ons uitverkore diensknegte.

25. Josef hardloop toe deur toe en sy agterna: in die proses wat sy hom probeer keer skeer sy, sy hemp van agter af , om net toe die deur oopgaan, haar man voor die deur te kry. Sy plaas toe net daar en dan die skuld op Josef en sê: “Wat anders kan die straf wees vir iemand wat slegte bedoelings met jou vrou het as dat hy in die tronk gegooi word of 'n pynlike straf ontvang?”

**Die hele aangeleentheid was vir haar man 'n groot verleentheid**

26. Josef sê toe: “Dit was sy wat probeer het om my te verlei.” Iemand van haar familie maak toe die opmerking dat indien sy hemp aan die voorkant geskeur was, dan praat sy die waarheid en is hy die leuenaar,

27. maar indien die hemp aan die agterkant geskeur is, dan is sy die leuenaar en praat hy die waarheid.

28. So, toe haar man sien dat Josef se hemp aan die agterkant geskeur was, het hy gesê: “Vroumens, hierdie is 'n bedrogspul: jy probeer my mislei. Jy is inderdaad 'n groot bedrieër.

29. Ag Josef, ignoreer hierdie aangeleentheid, en jy vroumens, vra om vergifnes vir jou sonde. Waarlik jy was een van die sondaars.”

**Die Goewerneur se vrou probeer Josef selfs voor haar gaste verlei**

30. Die reaksie van die vroue in die stad was: “Die vrou van die Goewerneur verlei haar jong dienskneg. Haar liefde vir hom het haar heel bevange. Waarlik ons sien dat sy duidelik 'n fout begaan het.”

31. Toe die Goewerneur se vrou hoor van hul geslepe aanmerkings, het sy hulle uitgenooi vir 'n ete en hulle heel op hul gemak en tuis laat voel deur hulle gasvry te ontvang. Sy maak toe seker dat elkeen van hulle 'n lekker skerp mes het waarmee hulle die vrugte kon skil. Later sê sy toe vir Josef, wat in 'n ander deel van die huis was: “Kom binne sodat die gaste jou kan sien.” So, toe die vroue hom sien was hulle verstom en so in vervoering dat hulle nooit agterkom dat hulle, hul hande raaksny terwyl hulle besig was om van die vrugte af te skil nie en hulle sê: “Allah is die Volmaakte! Hierdie Josef is nie 'n gewone mens nie. Hy is niks anders nie as 'n edele engel.”

32. Die gasvrou sê toe: “Dit is oor hom wat julle my verkwalik het. Ja, ek het hom probeer verlei, maar hy het nie daarvoor geval nie. En indien hy nie nou my opdrag uitvoer nie, gaan hy verseker tronk toe en nog in die skande kom ook.”

33. Josef bid toe: “O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer, dit sal vir my beter wees om tronk toe te gaan as om betrokke te raak by dit waarheen hierdie vroue my uitnooi. En as U nie nou vir my help en my beskerm teen hul valsheid nie, gaan hulle verleiding my dalk net oorweldig en veroorsaak dat ek vandag sonde doen soos iemand wat nie van beter weet nie.”

34. So het sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer toe sy gebed aanvaar en hulle valse misleiding en verleiding van hom afgeweer. Waarlik Hy is die Alhorende en die Alwetende.

**En daar beland Josef toe in elk geval in die tronk**

35. Later egter, selfs nadat die Goewerneur en sy raadgewers die bewyse gesien het dat Josef eintlik onskuldig is, het hulle dit as die enigste uitweg gesien en goed gedink om hom in elk geval vir 'n ruk lank in die tronk te sit.

36. Daar was twee manne wat saam met hom in die tronk was. Een van hulle sê toe: “Ek het gedroom en myself gesien hoedat ek besig is om wyn te pars.” En die ander een sê: “Ek het gedroom en my self gesien hoedat ek brood op my kop dra en hoedat die voëls dit vreet. Josef, gee vir ons die betekenis van die droom. Ons sien jy is 'n man wat goeie dade doen.”

**Maar Josef nooi hulle eers uit om gelowiges te word en bou eers vertroue by hulle op**

37. Josef antwoord toe: “Niks van die kos wat aan julle voorsien word sal by julle uitkom alvorens ek nie vir julle 'n presiese beskrywing daarvan gegee het nie. Dit is kennis wat my Skepper, Voorsiener en Onderhouer aan my gegee het. Ek het die weg van diegene wat nie in Allah glo nie en diegene wat die Hiernamaals ontken, verlaat

38. en ek het die weg gevolg van my vaders, Abraham, Isak en Jakob. Ons mag nie enige vennote met Allah assosieer nie. Dit is 'n guns deur Allah aan ons en die mense, die feit dat ons die ware geloof navolg, maar meeste mense is nie dankbaar nie.”

39. Ag my medegevangenes, is die verskillende gode wat mense aanbid beter of is Allah, die Enige, die Aldominante, beter?

40. Dit wat julle aanbid buiten Hom, is niks anders nie as name wat julle versin het, julle en julle vaders. Allah het nie magtiging gegee vir die gode wat julle naas hom aanbid nie. Soewereiniteit behoort aan niemand anders as aan Allah nie. Hy het dit so bepaal dat julle niemand anders as Hom sal aanbid nie. Dit is die enigste korrekte weg. Maar meeste van die mense weet dit nie.

**Nou antwoord Josef hulle vraag**

41. Ag my medegevangenes, een van julle sal wyn aan sy werkgewer bedien terwyl die ander gekruisig gaan word en die voëls aan sy kop gaan eet. Dit is so bestem vir julle.

42. Toe sê Josef aan die een wie hy gedink het sal waarskynlik die een wees wat vrygelaat gaan word: “Maak melding van my by jou werkgewer.” Maar die Satan het hom gemaak vergeet om van Josef melding te maak by sy werkgewer. Gevolglik het Josef vir 'n paar jaar opgesluit gebly.

**Die koning vertel van sy droom**

43. Eendag sê die koning van Egipte: “Ek het in 'n droom gesien hoedat sewe vet koeie deur sewe maar koeie opgevreet word, asook sewe groen koringare en sewe verdroogte koringare. Ag mense, as julle drome kan vertolk, vertel my tog wat my droom beteken.”

44. Hulle sê toe: “Die drome lyk vir ons na 'n waardelose deurmekaarspul van verwarde gedagtes en dinge en ons weet nie hoe om sulke drome te verklaar nie.”

45. Die een van die twee wat saam met Josef opgesluit was en wat later vrygelaat was, onthou toe uiteindelik na 'n lang tyd vir Josef en hoe Josef hulle drome verklaar het en sê toe: “Ek sal vir u die verklaring gee van u droom. Stuur my net na Josef toe.”

46. Die man kom toe by Josef en sê: “Ag Josef jy is so 'n betroubare persoon, vertel vir ons die betekenis van die sewe vet koeie wat opgevreet word deur die sewe maer koeie, en van die sewe groen koringare en die sewe droë koringare, sodat ek kan teruggaan en vir die mense vertel wat dit beteken en hulle so kennis neem van jou uitnemendheid en kundigheid.”

47. Josef verklaar toe die droom: “Julle gaan vir sewe jaar na mekaar oeste maak. Die koringoes wat julle dan afhaal van die lande af, moet julle net so aan die are los, behalwe vir die bietjie wat julle gaan nodig hê om te eet.”

48. Daarna sal daar dan sewe swaar moeilike jare kom waartydens julle alles wat julle gestoor het gaan opeet, behalwe vir die bietjie wat julle as saad gaan bêre om weer te kan saai.

49. Die jaar daarna sal dit weer goed reën en sal die mense soos gewoonlik weer wyn en olie kan pars.

**Josef wou egter saam met sy vrylating ook homself van alle blaam laat onthef**

50. Toe die koning die uitleg hoor, het hy vir Josef laat haal en gesê: “Bring hom na my toe.” So, toe die boodskapper van die koning by Josef aankom, het Josef hom eers teruggestuur na die koning toe en gesê: “Gaan terug na jou werkgewer toe en vra vir hom: 'Maar wat nou van die vroue wat destyds hulle hande gesny het en die feit dat ek eintlik onskuldig tronk toe gestuur was: dink die koning nou nie meer dat ek hom bedrieg het nie? Waarlik my Skepper, Voorsiener en Onderhouer ken hulle bedrog goed en die koning sal homself dalk eers wil vergewis van die feite van die saak deur die aangeleentheid te laat ondersoek.'”

51. Tydens die ondersoek vra die koning toe vir die vroue: “Wat is julle storie: wat het julle gehoop om te bereik toe julle vir Josef verlei het? Hulle ontken dit toe en sê: “Mag God dit verhoed, ons kan getuig dat hy nie vir ons geval het nie en nie sonde gedoen het nie.” Die Goewerneur se vrou het selfs gesê: “Nou het die waarheid aan die lig gekom. Ek kon hom nie verlei nie en hy praat die waarheid: hy is een van die betroubares.”

52. Toe het Josef verduidelik: “Ek het hierdie ondersoek voorgestel sodat die Goewerneur kan weet dat ek hom nie in sy afwesigheid bedrieg het nie en dat Allah nie die misleiding van die bedrieërs tot sukses lei nie.

53. Ek probeer nie om my innerlike self te verontskuldig van alle blaam nie. Ek is maar net mens en die mens word al te dikwels deur die innerlike self aangehits om sonde te doen. Waarlik, my Skepper, Voorsiener en Onderhouer is Meesvergewend, Baiegenadig.”

54. Toe sê die koning: “Bring vir Josef na my toe want ek wil hê dat hy net vir my sal werk.” Toe die koning later met Josef self praat, toe sê hy: “Van vandag af is jy vas aangestel in ons diens en word jy ten volle vertrou.”

55. Daarop maak Josef 'n voorstel: “Stel my aan om toesig te hou oor die skatkis van die land. Ek is inderdaad 'n kundige toesighouer.”

56. So het Ons dan vir Josef mag gegee in die land. Josef kon bly net waar hy wou. Ons skenk Ons genade aan wie Ons ookal wil en ons laat nie die beloning van diegene wat goeie dade doen, verlore gaan nie.

57. Die beloning van die Hiernamaals is verseker beter vir diegene wat glo en aanhou om 'n heilige ontsag en respek vir Allah te hê.

**Josef se Broers kom koop koring**

58. Josef se broers kom toe ook Egipte toe en moes in die proses om koring te kon koop voor hom verskyn. Josef het hulle herken, maar hulle het hom nie herken nie.

59. Nadat hy hulle van die nodige voorraad voorsien het, toe sê hy vir hulle: “Bring julle stiefbroer van vaderskant na my toe. Het julle nie opgelet dat ek aan julle presies die regte hoeveelhede uitgereik het en dat ek die beste gasheer was nie?

60. En as julle hom nie gaan bring nie, dan verdien julle nie om volgende keer iets van my te koop of eers naby my te kom nie.”

61. Hulle onderneem toe: “Ons sal ons vader oortuig daarvan en dit definitief doen.”

62. Josef sê toe vir van die seuns wat vir hom werk: “Sit die geld, juwele en ander goed waarmee hulle betaal het terug in hulle Kameelsakke. Miskien sal hulle dit raaksien waneer hulle terugkom by hulle familie en miskien sal dit hulle dan instaat stel omweer te kan terugkom in die toekoms om nog te kom koop.”

63. So, toe hulle nou terugkom by hulle vader toe vertel hulle hom alles en sê: “Pa, ons het nie al die graan gekry wat ons moes nie, van dit is teruggehou. Stuur daarom nou ons broer Benjamin saam met ons terug, sodat ons die res van die graan kan gaan haal. Natuurlik sal ons hom mooi oppas.”

64. Maar Jakob sê: “Wil julle hê dat ek julle met hom moet vertrou soos wat ek julle die ander dag met sy broer Josef vertrou het? Wel Allah is die beste oppasser en Hy is die Meesgenadige van al die genadiges.”

65. En toe hulle, hul Kameelsakke oopmaak, toe vind hulle dat dit waarmee hulle betaal het aan hulle teruggegee was.

Hulle vra toe vir hulle vader: “Pa, wat anders het ons nodig om terug te gaan want ons is so goed behandel met die dat selfs dit waarmee ons betaal het aan ons teruggegee was en ons dit nou weer kan gebruik om nog graan mee te koop genoeg vir die hele familie, ons sal ons broer oppas wat u ook nou met groter gerustheid saam met ons kan laat gaan en met die dat hy nou ook op 'n kameel gaan ry kan ons sommer nog ekstra kos koop wat ons op sy kameel kan laai. Dit klink na 'n maklike taak.”

66. Maar Jakob was nie oortuig nie en sê: “Ek sal Benjamin nooit saam met julle laat gaan, alvorens julle nie eers plegtig met die Naam van Allah belowe dat julle hom na my toe sal terugbring nie, afgesien natuurlik daarvan dat julle dalk deur omstandighede buite julle beheer oorweldig sou word.” So, toe hulle hom dan plegtig belowe om dit te doen, toe sê hy: “Allah hou 'n wakende oog oor dit wat ons sê”

67. Verder het Jakob gesê: “Ag my seuns, julle moenie almal die stad deur dieselfde ingange binnegaan nie, maar gebruik eerder verskillende ingange. En ek kan julle nie op enige manier help teen die Wil van Allah nie. Oppermagtigheid behoort aan niemand anders as aan Allah nie. Ek plaas my vertroue in Allah, en diegene wat vertrou moet hul vertroue in Allah plaas*” (K39:38)

68. En toe hulle die stad binnegaan op die manier wat hulle vader voorgestel het, kon hy hulle op geen manier teen die wil van Allah help nie, maar ten minste het Jakob beter gevoel omdat hy die behoefte van sy hart tevrede gestel het deur sy seuns met raad te bedien. Jakob was 'n man wat geweet het hoe om dinge te doen want Ons het hom geleer, maar meeste mense weet dit nie.

69. Toe hulle by Josef aankom, het Josef sy broer Benjamin by homself laat bly. Josef sê toe vir Benjamin: “Kyk ek is jou broer Josef! Maar moenie ontsteld wees oor wat hulle aan my gedoen het nie.”

70. Later, toe Josef sy broers voorsien van die voorrade wat hulle gekoop het, het hy die bak in die Kameelpak van sy broer Benjamin geplaas. Toe, teneinde hulle kans te gee om sonder enige vermoede te vertrek, het 'n aankondiger, 'n ruk nadat hulle vertrek het, uitgeskreeu: “Julle daar, julle mense van die karavaan, julle is diewe.”

71. Die broers draai toe half verontwaardig om na die aankondiger en vra: “Wat word vermis?”

72. Die aankondiger en sy kollegas antwoord toe: “Ons vermis die maatbak van die koning, en wie ookal dit terugbring, kwalifiseer vir 'n ekstra kameelvrag graan, ek gee julle persoonlik die versekering daarvan.”

73. Maar die broers sê: “Ons sweer by Allah, en julle weet bo enige twyfel dat ons nie gekom het om kwaad in julle land te doen nie, en dat ons nog nooit diewe was nie.”

74. Hulle aanklaers vra toe: “Wat stel julle voor moet die straf wees as ons uitvind dat julle leuenaars is?”

75. Die broers antwoord: “Die straf moet wees dat hy in wie se bagasie dit gevind sou word, self as straf sal dien, deurdat hy die dienskneg sal word van die een van wie gesteel is. Dit is hoe ons diegene wat verkeerd doen straf.”

76. Om toe nou enige suspisie te vermy, begin die beamptes eers deur die ander broers se bagasie soek net om dit uiteindelik in Benjamin se bagasie te vind. Dit is hoe Ons dit vir Josef beplan het sodat sy broer volgens Jakob se wet aangehou sou word in plaas van om volgens die wet van die koning lyfstraf en vrylating na 'n swaar boete behels het, wat nie die doel sou dien nie. Josef het volgens die wet van die koning geen reg gehad om sy broer terug te hou nie, tensy Allah dit so sou wou hê, en dit is presies wat nou hier gebeur het. Ons bevorder in rang wie Ons wil, soos wat Josef bevorder was. En bo elke mens met kennis is daar iemand wat meer kennis het: en Allah is die Een met die meeste kennis.

77. Die broers sê toe: “Dit verbaas ons eintlik nie dat hy iets gesteel het nie want sy broer het dit ook voorheen gedoen.” Vies vir Benjamin, verwys hulle hier na Josef en iets wat uit hulle kinderjare gebeur het waartydens hulle Josef valslik beskuldig het, want hulle was stiefbroers van Benjamin en Josef. Maar Josef het sy emosies beheer en sy reaksie vir homself gehou en nie toegelaat dat hulle dit sien nie. Hy dink toe by homself: “Julle is slegter daaraan toe as Benjamin, want julle beskuldig julle broer Josef valslik en julle weet dit” en sê: “Wel Allah weet of dit wat julle beweer die waarheid is.”

78. Baie benoud begin die broers toe by Josef pleit: “Ag Goewerneur, hierdie broer van ons wat nou na regte u dienskneg is, se pa is 'n baie ou man wat dalk nie die skeiding met sy seun sal oorleef nie. Ons vra dat u liewer een van ons in sy plek sal vat. Ons sien dat u 'n baie vrygewige man is.”

79. Maar Josef sê: “O nee, mag Allah ons verhoed om enige iemand anders hier agter te hou as die skuldige persoon, want dan is ons onregverdig en dit is groot sonde.”

80. Toe die broers begin om enige hoop te verloor dat hulle Josef oortuig gaan kry, het hulle eenkant toe gegaan om met mekaar te beraadslaag. Die oudste onder hulle herinner hulle toe: “Julle moet onthou dat julle Pa plegtig in die Naam van Allah belowe het dat julle nie dieselfde ding met Benjamin sal laat gebeur as wat julle met Josef laat gebeur het nie. So, julle moet net weet, ek gaan nie terug sonder Benjamin nie, tensy Pa self vir my toestemming gee of tensy Allah iets anders oor my besluit nie. Want Hy is die beste beoordelaar van wie die waarheid praat.

81. Gaan julle dan nou terug huistoe en verduidelik vir Pa wat gebeur het en sê: “Pa, Pa se seun het gesteel: ons vertel nie vir Pa iets waarvan ons niks weet nie, ons weet waarvan ons praat want ons het dit self gesien en hierdie is iets buite ons beheer en ons kon nie bedag wees op dit nie.

82. En as Pa ons nie wil glo nie, vra dan maar die mense van daardie dorp waar ons die graan gaan koop het en die mense van die karavaan saam met wie ons gereis het en Pa sal hoor dat ons regtig die waarheid praat.”

**Jakob ervaar diepe hartseer, en sluk sy woede en pyn maar die seuns reageer met 'n bittere verwyt**

83. Maar Jakob het hulle nie geglo nie: “Ek dink eerder julle innerlike begeertes het julle verlei om iets anders te doen. So, dit is die beste dat ek net geduldig bly, Hopelik sal Allah hulle ten goede laat uitwerk volgens Sy Wil. Waarlik, Hy is die Alwetende, die Alwyse.”

84. Jakob draai homself toe weg van hulle af en sê: “Hoe hartseer is ek tog nie oor Josef nie” terwyl sy oë wit word van hartseer en hy sy woede en ongelukkigheid onderdruk.

85. Die seuns, nogal ontsteld oor hulle ou vader se reaksie slinger toe hierdie verwyt: “Sowaar as God, Pa sal ook nie ophou om ons aan Josef te herinner en ons vir Josef te verwyt totdat Pa dood neerval en sterf nie.”

86. Maar Jakob antwoord: “Ek kla by niemand anders as by Allah oor my angs en verdriet nie, en Allah het aan my dinge gewys waarvan julle nie weet nie.

87. Ag my seuns, gaan en gaan soek vir Josef en sy broer, en moenie hoop in die genade van Allah verloor nie. Om die waarheid te sê, slegs die ongelowiges verloor hoop in die genade van Allah.”

88. Hulle kom toe terug by Josef en teneinde sy simpatie te wek probeer hulle hom vlei deur te sê: “Ag Goewerneur, ons en ons familie is in smart en ellende gedompel oor hierdie ding met Benjamin, en ons kon net 'n klein hoeveelheid geld bymekaarskraap. Gee tog maar aan ons die volle hoeveelheid wat ons benodig en wees liefdadig teenoor ons. Waarlik Allah beloon diegene wat liefdadigheid betoon.”

**Josef bars die bom**

89. Toe sê Josef: “Besef julle wat het julle aan Josef en sy broer gedoen toe julle so onoordeelkundig soos nou opgetree het?”

90. Stomgeslaan vra sy broers: “Is jy regtig die Josef wat ons ken?”

“Ja” sê Josef: “ek is Josef en hierdie is my broer Benjamin. Allah was baie goed vir ons om ons deur die krisis tot op hierdie plek te bring en ons so te seën. Waarlik, iemand wat 'n heilige ontsag en respek het vir Allah en geduld beoefen, sal vind dat Allah nooit die beloning van diegene wat goed doen laat verlore gaan nie.”

91. Vasgenael deur die oomblik sê die broers toe: “Sowaar as God, Allah het aan jou voorkeur bo ons gegee en ons het definitief 'n baie groot fout begaan.”

92. Toe sê Josef: “Op 'n blye dag soos vandag is daar nie plek vir verwyte en beskuldigings nie. Mag Allah julle vergewe vir wat julle gedoen het, en Hy is die mees genadige van almal wat genadig is.”

**In geloof word Josef vir Allah die instrument van 'n wonderwerk**

93. Verder het Josef vir sy broers gesê: “Vat nou hierdie hemp van my saam met julle waneer julle teruggaan en plaas dit oor Pa se gesig: dan sal hy sy sig terugkry en weer kan sien. Bring hom dan hier na my en my familie toe.”

94. Die karavaan waarmee sy broers toe terugreis het skaars die stad agtergelaat, en hulle was omtrent nog twee honderd en vyftig myl ver van waar Jakob op hulle gewag het toe Jakob skielik sê: “Jy sal dalk nou dink dat ek begin om seniel te raak, maar nou ruik ek vir Josef.”

95. Diegene wat toe daar by Jakob was maak toe die aanmerking: “Jy is sowaar as God steeds vasgevang in daardie ou drogredenasie van jou dat Josef lewe en dat jy en hom weer bymekaar sal uitkom.”

96. So, toe sy seun Juda in Kanaan aankom met die goeie nuus, het hy die hemp van Josef oor Jakob se gesig geplaas en Jakob het sy sig teruggekry sodat hy weer kon sien. Daarop sê Jakob: “Het ek nie vir julle gesê dat Allah my dinge gewys het waarvan julle nie weet nie.”

97. En die seuns vra toe vir Jakob: “Pa, bid tot Allah om ons sondes te vergewe. Ons het waarlik verkeerd gedoen.”

98. En Jakob antwoord: “Ek sal tot my Skepper, Voorsiener en Onderhouer bid om julle te vergewe. Waarlik Hy is die Meesvergewend, die Baiegenadige.”

99. Later toe hulle by Josef aankom, is hulle hartlik ontvang en het hy sy ouers naby aan homself gehuisves en hulle verwelkom met die woorde: “So Allah wil is julle baie welkom om Egipte in vrede en sonder enige voorbehoud binne te kom.”

**Josef beleef die vervulling van sy droom van baie, baie lank gelede**

100. Verder het Josef sy ouers saam met hom op die troon laat sit en hulle almal het voor hom op die grond neergeval in eerbied.

Toe het Josef sy droom van baie, baie lank gelede onthou en vir sy vader gesê: “Pa, kyk hier gaan my droom nou net in vervulling. My Skepper, Voorsiener en Onderhouer het dit laat waar word. Allah was so oneindig goed vir my toe Hy my uit die tronk laat vrylaat het en toe hy julle van die platteland af na my toe gebring het nadat Satan 'n skeur tussen my en my broers veroorsaak het. Waarlik, my Skepper, Voorsiener en Onderhouer laat dit wat Hy wil hê moet plaasvind, op 'n baie subtiele manier gebeur, deurdat Hy dit stilletjies, op so 'n manier reël en organiseer sonder dat iemand enigiets daarvan vermoed. Hy is verseker die Alwetende, die Alwyse.”

**Nou het Josef vrede in sy hart en wy hy homself opnuut toe aan Allah met lofprysing en gebed**

101. My Skepper, Voorsiener en Onderhouer, U het aan my die nodige mag gegee om te kan regeer en kennis om gebeure te kan vertolk*. O Skepper van die hemele en die aarde. U is voog en beskermer, die Een wat na my omsien in hierdie wêreld en in die Hiernamaals. Gee dat ek as 'n Moslem sal sterf en laat my wees by diegene wat binne U Wil gelewe het. (*K12:21 )

102. Mohammed, hierdie verhaal van Josef wat duisende jare voor jou tyd afgespeel het, is dan nou deel van die verslae oor die onsigbare wat Ons aan jou openbaar. Want jy was nie daar saam met hulle om te kon sien hoe Josef se broers beplan het om van Josef ontslae te raak en hoe hulle dit sou doen nie.

103. En selfs al is die bewyse dat jy 'n Profeet is baie duidelik uit die openbaring wat jy ontvang het van die verhaal van Josef, gaan meeste mense jou in elke geval nie glo nie, maar dit is nie jou probleem nie want jou taak is net om die boodskap te versprei*, die mense op te roep tot geloof en hulle welsyn op die hart te dra, of jy suksesvol is, is buite jou beheer en nie jou verantwoordelikheid nie, al wil jy ook hoe graag hê dat hulle sal glo. (*K34:28)

104. En jy het van hulle geen vergoeding gevra vir die advies wat julle hulle gegee het nie. Die Koran is niks anders nie as 'n les vir al die mense van die wêrelde.

**Bewyse vir die bestaan van God**

105. Hoeveel bewyse is daar nie in die hemele en op die aarde nie waarby hulle verbygaan en waarteenoor hulle onverskillig staan, nie.

**Glo hulle dan regtig in Allah?**

106. En meeste van hulle glo nie in Allah sonder om vennote met Hom te assosieer nie.

107. Voel hulle, hulleself veilig teen die allesomvattende straf van Allah vir hulle wat aan die kom is of dat die Uur van Afrekening op die Oordeelsdag skielik op hulle gaan afkom terwyl hulle salig onbewus daarvan is?

108. Mohammed, sê vir hulle: “Hierdie is die manier waarop ek mense oproep. Ek roep mense op om te verklaar dat niks of niemand behalwe Allah aanbiddingswaardig is nie, en ek weet waarvan ek praat want ek het die nodige kennis, insig en wysheid om dit te kan doen, en so ook my volgelinge tot en met die Oordeelsdag. Allah is rein en vry van enige vennote. En ek is nie een van die Assosieerders wat vennote met Allah assosieer nie”

109. Ons het nie voor jou enige boodskappers gestuur anders as manne wat van die mense van hul eie dorpe afkomstig is, en wie Ons met openbaring geïnspireer het nie. En Mohammed, hierdie mense wat jou so verwerp, het hulle nie in hulle omswerwinge deur die land gesien wat het met die volke voor hulle gebeur wat hulle boodskappers verwerp het, en hoe Allah hulle vernietig het, nie?* Want waarlik die tuiste wat die Hiernamaals bied vir diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het, is baie beter as wat hulle te wagte kan wees. Sal julle dan steeds nie verstaan nie? (*K22:46)

110. Straf was dikwels vertraag totdat die boodskappers wanhopig was en begin dink het dat hulle verkeerd was in hulle verwagtinge dat die straf sou kom en die waarheid duidelik sou word, voordat Ons hulle gehelp het en diegene gered het wie Ons wou. En Ons straf word nie van die skuldiges afgeweer nie.

111. Soos in die verhaal van Josef is daar in al die verhale in die Koran waarlik lesse vir mense met begrip. Dit is nie 'n uitgedinkte storie nie, maar eerder 'n bevestiging van wat voor dit reeds bestaan het in die Wet van die Jode en die Evangelie van die Christene, en 'n verduideliking en noukeurige verwerking daarvan en uitbreiding daarop asook 'n leiding en 'n genade vir mense wat glo.

---

**ALLE LOF KOM ALLAH TOE!**

**Waarlik vandag weet ek bo alle twyfel dat God bestaan!**

**Ek het grootgeword met die verhaal van Josef en dit was nog altyd vir my aangrypend en niks nuuts nie.**

**Maar die vertaling van hierdie hoofstuk in die Koran en die ontknoping van die verhaal en die samevatting vanaf vers 101 tot by 111 wat ek dink uniek is aan die Koran het my so na my eie lewe laat kyk en laat sien hoedat Allah ook met my en myne 'n Josef-pad geloop het en steeds loop dat enige twyfel wat daar nog by my bestaan het nou weg is.**

**Daar het al net te veel dinge in my lewe ook gebeur, te veel Josef-putte, te veel Josef-tronke te veel Allah-ingrype en Allah-oplossings dat ek vandag nog enigsens sal twyfel.**

**O my Allah,**

**aan U kom toe al die Lof en die Eer en die Heerlikheid:**

**Waarlik U is die Lewende, die Lieflike die Loflike.**

**Waarlik U is God, U is die Enige en Enigste God,**

**U is Allah.**

**En daar is niks wat ek kan aanbid nie anders as net U.**

**En waarlik ek glo dat Mohammed U boodskapper is en die boodskap wat U vir hom gegee het eerstens vir die mense van sy tyd gegee het en dat daardie boodskap tweedens deur U Goddelike besturing ook vandag by my uitgekom het.**

**Ja my Allah: ek glo.**

**Vandag is geloof nie meer vir my “ongeloof wat nek omgedraai is nie” maar vandag het geloof vir my realiteit van my lewe geword.**

**Gee dat ek as 'n Moslem sal sterf en laat my wees by diegene wat binne U Wil gelewe het.**

**Amen**